# GOUDVELD-HOËRSKOOL

## PROSPEKTUS

## 2026

- Geesdrif
- Omgee
- Uitnemendheid
- Trots
- Integriteit
- rEspek
- Selfdissipline

www.gouties.co.za

# Inhoudsopgawe


- Klaskamerplan 3
- Visie- en Missieverklaring 4
- Boodskap van ons skoolhoof 5
- Ons bestuurspan 6
- Goutie-onnies 7
- Goutie-leiers sê 9
- Graad 12 Merkers 10
- "Well-Done Function" Toekennings 11-13
- Graad 8 - bekendstellingskamp 14
- Hoe trek 'n Goutie aan 15
- Grondplan 16
- Sport 17-20
- Sport Organiseerders 21
- Watter vakke kan 'n Goutie kies 22
- Toelatingsvereistes en kriteria 23-24
- Goudveld Kunste Akademie 25
- Mnr en Mej Goutie 26-27
- Koshuislewe Huis Goudveld 28
- Aansoek om toelating tot koshuis 29
- Administratief 30
- Kultuur en ander aktiwiteite 31-35
- Gouties spog 36
- SA Atlete en Afrigters 37
- Landbou 38-39
- Hoe gedra Gouties hulle 40
- Skorsing en uitsetting uit openbare skole 42-48
- Skoollied 49




TEL: 057 352 7187
FAKS: 057 352 9218 · 086 554 0586

E-pos: admin@gouties.co.za
Webtuiste: www.gouties.co.za

POSBUS 650 · WELKOM · 9460
322 LONG ROAD · WELKOM · 9459




# Klaskamerplan



# Visie- en Missieverklaring

## VISIE

Goudveld-Hoërskool streef om 'n toonaangewende waardegedrewe Afrikaansmedium skool in die Goudveld en die Vrystaat te bly. Ons wil dit bereik deur elke leerder toe te rus vir verdere studie- of werksgeleenthede sodat hy/sy ons skool met 'n toekomsverwagting kan verlaat.

## MISSIE

In die verwesenliking van uitmuntende onderwys en opvoeding onderneem ons om ons waardes van Geesdrif, Omgee, Uitnemendheid, Trots, Integriteit, Respek en Selfdissipline uit te leef en uit te bou.

## LEERDERS VAN GOUDVELD-HOËRSKOOL:

· in staat te stel om hul talente ten volle in die akademiese, sportgebied asook kultuur beoefening te ontwikkel.
· te motiveer om trots te wees om die Afrikaanse taal en kultuur na te streef asook die handhawing en uitbouing daarvan;
· in staat stel om skooltrots te openbaar en te bevorder; en
· te motiveer om ten alle tye netjies te wees en hoflik en bedagsaam op te tree;

## TOE TE SIEN DAT DIE PERSONEEL VAN GOUDVELD-HOËRSKOOL:

· lojaal teenoor die onderwysers, kollegas en die leerders te wees met woord en daad;
· die belang van die skool voor op te stel.

## DIE OUERGEMEENSKAP VAN GOUDVELD-HOËRSKOOL:

· se belangstelling en betrokkenheid by hul kinders se akademiese vordering en buitemuurse aktiwiteite bevorder.

# Boodskap van ons Skoolhoof



Mnr. Mark Louwies
Skoolhoof

**Geagte Ouers en Voornemende Gouties**

Dit is vir my 'n groot voorreg om u te verwelkom in die prospektus van Goudveld-Hoërskool 2026. Ons skool se geskiedenis en nalatenskap vorm 'n stewige fondament waarop ons elke dag bou. Hier glo ons vas dat ware sukses nie net in prestasies gemeet word nie, maar in die vorming van karakter, dissipline en trots.

By Goudveld staan ons leuse "Streef, Werk en Oorwin" sentraal. Ons moedig elke leerder aan om doelgerig te streef na hul drome, hard te werk aan hul gawes en talente, en uiteindelik te oorwin deur volhoubare prestasie en lewensvreugde.

2026 is 'n besondere jaar in ons geskiedenis. Ons open met trots ons Landbou-skoolontwikkeling, wat drie nuwe vakke – Landboutegnologie, Landbou-bestuurspraktyk en Landbouwetenskap – by ons kurrikulum voeg. Hiermee bied ons aan leerders nie net 'n sterk akademiese basis nie, maar ook praktiese vaardighede en loopbaangeleenthede wat direk inpas by die behoeftes van ons gemeenskap en land. Hierdie projek staan as simbool van ons verbintenis om vooruit te dink, terwyl ons steeds gewortel bly in tradisie.

Verder bly ons fokus op akademiese uitnemendheid, sport en kultuur onwrikbaar. Ons glo in die ontwikkeling van die hele kind – kop, hart en hande. Of dit op die sportveld, in die klaskamer of op die verhoog is, elke Goutie kry die geleentheid om sy of haar potensiaal te ontgin en trots die groen en goud te dra.

Beste ouers, wanneer u u kind aan Goudveld toevertrou, weet dat hy of sy deel word van 'n familie waar waardes, dissipline en 'n liefde vir groei die kern vorm. Saam met u bou ons 'n toekoms waarin elke Goutie hul plek met selfvertroue, nederigheid en trots kan inneem.

Ek nooi u hartlik uit om hierdie prospektus te deurlees en self te beleef hoe Goudveld-Hoërskool nie net 'n skool is nie, maar 'n lewensreis – een waar ons saam droom, bou en groei.

Met Goutie-trots
Mark Louwies
Hoof: Goudveld-Hoërskool

# Ons Bestuurspan



**SKOOLHOOF**
**mnr. Mark Louwies**
B.Ed



**ADJUNKHOOF**
**mev. H. Nortje**
B.Com. (Ed.)



**ADJUNKHOOF**
**mej. M. Harmse**
B.Ed Hons. Wiskunde



**mev. V. Reid**
B.Ed. (Senior Fase en FET)



**mnr. Johann v.d. Berg**
HOD Tegnika



**mnr. B. Mol**
B.Ed. (FET)



**mev. M. Knoetze**
NGOS (Senior-fase en FET)
BA Hons.
Kommunikasiekunde en Toerisme



**mev. D. de Beer**
B.Ed. Hons.
Onderwysbestuur en Onderwysreg



**mnr. Dimitri Lombard**
B.Com, B.Com Honneurs,
M.Com HR, HGOS

# Goutie-onnies



# Goutie-gees



# Goutie-leiers sê



Teagan Saayman (Hoofseun) en
Mia de Jonge (Hoofmeisie)

By Goudveld leer 'n mens gou dat 'n skool veel meer as net klaskamers en handboeke is. Dis 'n plek waar vriendskappe gebou word, waar drome begin vorm aanneem, en waar jy leer wie jy regtig is.
Hier het ek my stem gevind — nie net op die verhoog of sportveld nie, maar ook as jong volwassene wat my plek in die wêreld leer ken.
Elke oggend stap ek met trots deur die hek, want ek weet ek is deel van iets groter. Iets wat mens se hart vul met 'n trots wat nie net op rapportkaarte staan nie, maar in herinneringe en lewenslange lesse.
Goudveld is en bly vir my 'n huis weg van die huis — 'n plek waar ek altyd welkom sal wees.
**Teagan Saayman (Hoofseun)**

Dit voel asof dit net gister was toe ek as 'n graad 8-leerder vir die eerste keer deur die groot blou hekke van Goudveld-Hoërskool gestap het. Ek was vol verwagtinge – en Goudveld het elkeen daarvan oortref.
Goudveld is 'n skool waar elke leerder die geleentheid kry om te groei – of dit nou op die sportveld, in die klaskamer of op kulturele gebied is. Hier het elke leerder 'n plek, en elke leerder maak saak. Dit is ook 'n plek waar ek my geloof vryelik kon uitleef, sonder om ooit daaroor skaam te wees.
Nou, in my matriekjaar, voel ek nie hartseer of bang om die grootmenswêreld te betree nie, want Goutieland het my toegerus met die regte gereedskap om met selfvertroue my lewenspad te begin stap.
As ek terugkyk op die afgelope vyf jaar, kan ek nie anders as om met trots te glimlag nie. Trots dat ek deel kon wees van só 'n besondere gemeenskap, met toegewyde en merkwaardige opvoeders wat werklik omgee.
Die herinneringe en lewenslesse wat ek by Goudveld geleer het, sal ek vir altyd koester.
Ek wil julle los met Prediker 3:1 "Daar is 'n tyd vir alles, en 'n seisoen vir elke saak onder die hemel." Geniet hierdie seisoen!
**Mia de Jonge (Hoofmeisie)**

# Graad 12 Merkers



**Senior Merker:**
**Elba Stolk**
Afrikaans Huistaal - Vraestel 1



**Senior Merker:**
**Leona Jacobs**
Verbruikerstudies



**Hester Nortje**
Wiskunde - Vraestel 2



**Tania Koen**
Engels FAL - Vraestel 3



**Ilze Coetzee**
Wiskunde Geletterdheid - Vraestel 1



**Mari-Et Desmore**
Lewenswetenskap - Vraestel 2



**Tania Ballot**
Engels FAL - Vraestel 2



**Hanlie Bouwer**
Engels FAL - Vraestel 2



**Dimitri Lombard**
Lewensoriëntering



**Daphne de Beer**
Wiskunde Geletterdheid



**Danel Kirchner**
Fisiesewetenskap



**Madri Harmse**
Wiskunde - Vraestel 2



**Chante Michau**
Toerisme

# "WELL-DONE FUNCTION" TOEKENNINGS




















# "WELL-DONE FUNCTION" TOEKENNINGS















# "WELL-DONE FUNCTION" TOEKENNINGS









Goudveld-Hoërskool

'WELL-DONE FUNCTION' TOEKENNINGS

Ander toekennings:

EXCELLENT PERFORMANCE

Op grond van 99,3% slaagsyfer

(Trofee en sertifikaat)

DIAMOND CLUB STATUS

Op grond van 99,3% slaagsyfer en

76,7% Baccalaureus toelating

(Trofee en sertifikaat)

SILWER SKOOL TOEKENNING

Op grond van 99,3% slaagsyfer

(Trofee en sertifikaat)






Goudveld-Hoërskool

'WELL-DONE FUNCTION' TOEKENNINGS

[illegible]

VISKUNDE

[illegible]

[illegible]

VISKUNDIGE GELETTERDHEID

[illegible]

[illegible]

[illegible]

ENGELS

[illegible]

[illegible]

[illegible]

RTT

[illegible]

[illegible]

VERBRUIKERSTUDIES

[illegible]

TOERISME

[illegible]

[illegible]

LEVENSORIËNTERING

[illegible]

[illegible]

[illegible]

Ons is ongelooflik trots op hierdie resultate en die harde werk en toewyding van elkeen van ons Goutie onderwysers!

# Graad 8-kamp

**GEAGTE GRAAD 8-OUERS**

Die graad 8-bekendstellingskamp vind gedurende Januarie 2026 by die skool plaas. Die kamp begin Vrydagmiddag en duur tot Saterdagoggend.

**DIE DOEL VAN DIE KAMP IS:**

* om nuwe leerders tuis in hulle nuwe omgewing te laat voel;
* om hulle in staat te stel om hulle nuwe skoolmaats beter te leer ken;
* om hulle vertroud te maak met al die aktiwiteite wat die skool bied;
* om 'n positiewe benadering ten opsigte van hul akademie aan te wakker;
* die belangrikheid van deelname op sport- en kulturele gebied te beklemtoon;
* die ontwikkeling van sportmangees en motivering tot goeie prestasies.

Die kamp is dus geensins 'n ontgroeningsgeleentheid nie en ons verwag van elke graad 8-leerder om dit by te woon. Die koste sal aan u gekommunikeer word.

Om die kampgees te bevorder word die leerders vir die Vrydagnag by die skool gehuisves (meisies in die gimsaal en seuns in die skoolsaal). Personeellede en die VRL sal ten alle tye streng toesig hou.

Die leerders geniet die kamp elke jaar terdeë en dit wat hy of sy daar ontvang is pitkos vir sy of haar hoërskool-loopbaan.

Daar is ook deur die leerkragte gevind dat die leerders wat die kamp bywoon, vinniger en beter aanpas by die nuwe hoërskool situasie.

Die uwe

**Mark Louwies**
**Skoolhoof**

# So trek Gouties aan













**SKOOLBAADJIE IS VERPLIGTEND**












# Grondplan



PETRUS BOSCHSTRAAT
UITGANG
LANDBOU TERREIN
PAWILJOEN
A-RUGBY VELD
ATLETIEKBAAN
PAWILJOEN
B-RUGBY VELD
B-HOKKIE VELD
GRAS
ASTRO-HOKKIEBAAN
PAWILJOEN
PAWILJOEN
HOKKIE VELD
A GRAS
NETTE
SNOEPIE
BUSLOOTS
GIMSAAL
LAPA
MATRIEK
EILAND
VIERKANT
SAAL
MUSIEK KAMER
NAPPY VALLEY
BUS PARKEERAREA
KRIEKET VELD
WATER TANK
KOSHUIS
TENNISBANE
NETBALBANE
TENNISBANE
PAWILJOEN
PADELBANE
PARKEERAREA
PARKEERAREA
WEI VELD
INGANG TOT
PADELBANE
NETBALHEK
HOOFINGANG
KRIEKETHEK
LONGWEG
NOODVERSAMELPUNT
NOODHULP
BADKAMERS


# Rugby









# Dogters Hokkie















# Seuns Hokkie










# Netbal











# Sport Organiseerders

Kondisionering:
Deyani Engelbrecht

Atletiek:
Chante Michau

Krieket:
Paul Sauer

Muurbal:
Mari-Et Desmore

Swem en Tweekamp:
Hanlie Bouwer

Skaak:
Amanda Pretorius

Landloop:
Danel Kirchner

Tennis:
Marike Burger

Gholf:
Jandre Makkink

Bergfiets:
Bernard Mol

GKR:
Madri Harmse;
Steve Kruger

Perdry:
Lize-Mari Coetzee

Netbal:
Lezil Bothma

Hokkie Seuns:
Tshepo Masheshemane

Hokkie Dogters:
Roxy Siebert

Rugby:
Steve Kruger

Rugby 7's:
Steve Kruger

Netbal Fast 5:
Megan Nel

Hokkie Quick Sticks D:
Roxy Siebert

Hokkie Quick Sticks S:
Tshepo Masheshemane

# Watter vakke kan 'n Goutie kies?

**Hier volg die nuwe vakpakette. Neem asb kennis dat dié pakket op toepassing is vir die graad 10 leerders van 2025; dus ook die graad 10 groepe na 2025**

## VAKKE GRAAD 8 & 9

**Verpligte leerareas**

| | |
|---|---|
| Afr: | Afrikaans |
| Eng: | Engels |
| Wisk: | Wiskunde |
| NW: | Natuurwetenskappe |
| EBW: | Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe |
| LO: | Lewensoriëntering |
| TEG: | Tegnologie |
| SW: | Sosiale Wetenskappe |
| SK: | Skeppende Kuns / Landbou |

## GRAAD 8 VAKPAKKETTE

Skeppende Kuns of Landbou

## GRAAD 10 - 12

**Verpligte vakke:**

1. Afrikaans 2. Engels 3. Lewensoriëntering
4. Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid

**NB: VAKKEUSES IS ONDERHEWIG AAN DEPARTEMENTELE RASIONALISASIE**

## GRAAD 10 - 12 VAKPAKKETTE:

**GROEP 1:**

| | |
|---|---|
| Geografie: | GEO |
| Rekeningkunde: | REK |
| Lewenswetenskappe: | LW |
| Rekenaartoepassingstegnologie: | RTT |
| Landboutegnologie: | L-TEG |

**GROEP 2:**

| | |
|---|---|
| Rekenaartoepassingstegnologie: | RTT |
| Toerisme: | TOE |
| Fisiese Wetenskappe: | FW |
| Ingenieursgrafika en -ontwerp: | IGO |
| Landboubestuur: | L-BST |

**GROEP 3:**

| | |
|---|---|
| Besigheidstudies: | BST |
| Verbruikerstudies: | VST |
| Ingenieursgrafika en -ontwerp: | IGO |
| Lewenswetenskappe: | LW |
| Landbouwetenskap: | L-WET |

**GROEP 4:**

| | |
|---|---|
| Wiskunde: | WISK |
| Wiskunde Geletterdheid: | WISK G |

1. Toelating tot die skool geskied op skriftelike aansoek en met aanvaarding van en voldoening aan die skool se vereistes.

2. Onderwys en opvoedkundige standaarde moet deurlopend gehandhaaf en uitgebou word. Ten einde hierdie doelstellings effektief na te streef en te bereik, is die betaling van die skoolgelde verpligtend en afdwingbaar.

3. Die Beheerliggaam stel die leerdertoelatingsvereistes vir die skool vas. Die Beheerliggaam kan die toelatingsvereistes van tyd tot tyd hersien.

## 4. TOELATINGSPROSEDURE

### 4.1 Algemeen

Die toelating van leerders tot Goudveld-Hoërskool staan onder die beheer van die Beheerliggaam. Die uitvoering hiervan word aan die skoolhoof gedelegeer. Uitsonderings word (ad hoc) deur die Beheerliggaam hanteer. Die toelatingsprosedure geld vir alle leerders wat by Goudveld-Hoërskool inskryf.

Ouers en leerders moet by die inskrywing van leerders 'n vorm onderteken waarin hulle die toelatingsvereistes en die verpligtinge wat dit meebring aanvaar en onderneem om daarby te hou.

### 4.2 Onderneming deur leerders:

4.2.1 Die etos van die skool te eerbiedig;
4.2.2 Dat die onderrigtaal en voertaal Afrikaans is;
4.2.3 Die akademiese standaard wat gestel word, na te streef;
4.2.4 Die gesag en dissipline van die skoolhoof, opvoeders en verteenwoordigende raad van leerders (VRL) te aanvaar.

Indien meegaande ondernemings nie gehandhaaf word nie, sal die leerders se voortgesette toelating tot Goudveld-Hoërskool in heroorweging geneem word.

### 4.3 Onderneming deur ouers/voog:

4.3.1 Om toe te sien dat hulle kinders in die erkende en voorgeskrewe skooldrag geklee sal wees;

4.3.2 Om toe te sien dat hul kinders se algemene voorkoms en netheid voldoen aan die voorgeskrewe reëls;

4.3.3 Die verantwoordelikheid vir die vervoer van hul kinders na en van die skool te aanvaar en altyd betyds te wees;

4.3.4 Om skoolgeld te betaal op die wyse, tydstip en bedrag soos deur die Beheerliggaam bepaal.

# Toelatingsvereistes en Kriteria

## 5. Toelatingskriteria

5.1 Voorkeur sal aan leerders van Goudveld-Hoërskool se natuurlike voedingsgebied gegee word.

5.2 'n Leerder sal nie sonder 'n amptelike oorplasingsertifikaat finaal toegelaat word nie.

5.3 'n Bevredigende skolastiese rekord moet voorgelê word.

5.4 Die volgende maksimum ouderdomme per graad word aanbeveel (aan die begin van die jaar):

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.1 | Graad 12: | -19 |
| 5.4.2 | Graad 11: | -18 |
| 5.4.3 | Graad 10: | -17 |
| 5.4.4 | Graad 9: | -16 |
| 5.4.5 | Graad 8: | -15 |

**Volledige kriteria is in die kantoor beskikbaar.**

**SOOS OPGESTEL EN GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM**

# Verpligte Skoolgeld

1. 'n Goedgekeurde bedrag sal later vanjaar bekend gemaak word. U eerste paaiement is betaalbaar met ontvangs van die leerder se handboeke.

2. U rekening kan soos volg vereffen word:

* Eenmalige vereffening van u volle rekening indien u voor 28 Februarie die rekening ten volle vereffen kwalifiseer u vir 5 % korting. Paaiemente moet voor die 10de van elke maand betaal word. Laaste paaiement is 1 November.

3. Betaling kan as volg geskied: Kontant, per debietorder, internetbetaling of kaartstelsel.

4. Skoolgeld word aangewend om alle bedryfsuitgawes asook salarisse te dek.

**WELKOM AAN ALLE NUWE LEERDERS EN OUERS**

# Goudveld Kunste Akademie










Goudveld-Musiekskool het in 2009 ontstaan en het sedertdien in 'n volle Kunste Akademie, met byna 200 studente, ontwikkel. Leerders kan spesialisonderrig in drama, visuele kunste en musiek ontvang. Die dansdepartement bied moderne dans en ballet aan.

Die dramadepartement bied individuele klasse aan. Die GKA bedryf ook 'n boekwinkel, waar boeke en instrumente bestel kan word. Onderrig word deur uiters bekwame personeel aangebied.
Hulle is: Lana Combrinck, Jean Turchino,
Frank Janse van Rensburg en Neil Steenkamp.

'n Wye verskeidenheid instrumente word deur die musiekdepartement aangebied nl. klarinet, klavier, klawerbord, kitaar, sang, pyporrel en fluit. Musiek as vak kan ook vanaf graad 10 - 12 geneem word.

Goudveld Kunste Akademie spog met die hoogste slaagsyfer in ABRSM, Trinity en Rock-school eksterne eksamens.










**GOUDVELD KUNSTE AKADEMIE KAN MET TROTS AS EEN VAN DIE MEES TOONAANGEWENDE KUNSTE INSTANSIES IN DIE VRYSTAAT GEAG WORD**

# Mnr en mej. Goutie: Senior




Carla de Jonge en Thomas Bothma



Lee-Shay Alexander en Teagan Saayman



Sheniqua Meyer en Jay-Cé Prinsloo




Melindy Steyn en Jay-Cé Prinsloo



Jay-Ce Prinsloo, Thomas Bothma en Teagan Saayman



Thomas Bothma



Jay-Cé Prinsloo

# Mnr. en mej. Goutie: Junior





Anri Cox en Lu-Juan Koch



Kylie Schönfeldt en
Waldo v.d. Westhuizen



Taytum Wiggett en
Ethan Vigliotti




Shynette Odendaal en
Elrico Weideman




Lu-Juan Koch




Anri Cox




Waldo
v.d. Westhuizen




Kylie Schönfeldt



Taytum Wiggett

# Koshuislewe - Huis Goudveld



Koshuisouers:
Antonie en Daphne de Beer

**Goudveld-Hoërskool beskik oor 'n netjiese en goed toegeruste koshuis wat binne die skoolterrein geleë is.**

Hierdie fasiliteit bied 'n oplossing vir leerders en ouers waar afstande na die skool 'n probleem is en ook in gevalle waar albei ouers 'n voltydse betrekking beklee. Die personeel van hierdie koshuis streef daarna om aan die leerder 'n huislike atmosfeer te bied en om binne groepsverband selfstandig met mekaar saam te leef. Studiesessies van leerders geskied onder toesig van koshuispersoneel. Rekenaarsentrum en Wi-Fi is tot die leerders se beskikking.

Koshuisgelde vir 2026 sal later deurgegee word. 'n Minimale dagstudentefooi per dag is betaalbaar. Etes kan teen 'n spesiale tarief voorsien word.

Navrae in verband met die koshuis kan gerig word aan mnr. en mev. de Beer.

**Telefoonnommer: 057 352 1090**
**Selfoonnommer: 083 334 6226**



Motsitsi Mototo: Koshuishoofseun
Zelney Meintjes: Koshuishoofdogter

## Benodigdhede:

Bybel · Eie beddegoed
· Slot met twee sleutels
· Wasgoedsak · Toiletware
· Handdoek · Matrasoortreksel

## Bankbesonderhede:

Huis Goudveld Koshuisfonds
Rek Nr: 1340145484 (Tjek)
Takkode: 632005
Verwysing: Rek nr,
Naam en Van

## AANSOEK OM TOELATING TOT KOSHUIS

1. Die vasgestelde losiesgeld moet aan die begin van elke kwartaal betaal word.
2. Ouers en leerders moet hulle onderwerp aan alle voorskrifte, reëls en regulasies.
3. Koshuisvader moet sonder versuim in kennis gestel word van enige adresverandering.
4. Koshuisvader moet skriftelik in kennis gestel word indien leerder die koshuis verlaat.

## AANSOEK OM TOELATING:

Leerder se van: ..............................................................

Leerder se volle name: ..............................................................

Geboortedatum: .............................. Toelating verlang vanaf: ..............................

Ouer/Voog: ..............................................................

Posadres: ..............................................................

Woonadres: ..............................................................

.............................................................. Kode ..............

Telefoonnommers (Huis): ..............................................................

Selfoon (Moeder): .................... (werk) .................... E-pos: ....................

Selfoon (Vader): .................... (werk) .................... E-Pos: ....................

# Administratief



mev. A. van Zyl
Admin



mev. L. Swaine
Finansies



mev. H. Vermeulen
Ontvangs / Inskrywings



mev. H. Denner
Finansies



mev. G. Nieuwenhuis
Bemarking

**NW GRAAD 9 VASVRA:**
Jandre van Brakel, Elri Coetzee en Ferrenay van Wyk dring deur na die tweederondte van die vasvrae. Hulle eindig 4de in die distriksrondte van die kompetisie.

**SAASTA OLIMPIADE:**
SAASTA staan vir South African Agency for Science and Technology Advancement. 121 Leerders neem deel aan die jaarlikse SAASTA olimpiade vir Natuurwetenskappe.

**LEWENSWETENSKAPPE EN FISIESE WETENSKAPPE:**
* 33 Gr 10- en Gr 11 leerders skryf die LW olimpiade op 29 Julie 2025.
* 71 Gr 8- en Gr 9 leerders skryf die NW olimpiade op 30 Julie 2025.
* 17 Gr 10- en Gr 11 leerders skryf die FW olimpiade op 32 Julie 2025.

Die doel van die SAASTA olimpiade is om:
1. Talentvolle leerders te identifiseer.
2. 'n Liefde en belangstelling vir wetenskap te kweek.
3. Uitnemendheid te bevorder in wetenskap.
4. Loopbane in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie te bevorder.

**VRYSTAAT WETENSKAP OLIMPIADE GR10 TOT 12:**
13 leerders neem deel op spesiale uitnodiging.

**ESKOM EXPO VIR JONG WETENSKAPLIKES:**
Kylie Schönfeldt en Alexis van Staden het Brons verwerf, in die kategorie afdeling vir Sosiale wetenskappe, met hulle projek "Luise vrek van vrees vir feite". Edrich Cronje en Mia de Jonge neem deel aan die graad 12 Life Science Quiz en eindig 5de.

**GR. 8-BEKENDSTELLINGSKAMP:**
Die eerste naweek van die eerste kwartaal word daar 'n oriënteringskamp vir die graad 8-leerders gehou. Hierdie kamp het geweldig baie waarde vir die nuweling t.o.v. sy aanpassing en vakprobleme in die hoërskool.

**SKOOLKOERANT:**
Die redaksie publiseer 'n elektroniese koerant. Die koerant bevat al die hoogtepunte van die skool en kan gerieflik op jou slimfoon gelees word.

**TAAL- EN KUNSTEFEES:**
'n Totaal van 2860 inskrywings is die jaar vanaf 55 verskillende skole vir Goudveld-Hoërskool Taal- en Kunstefees ontvang. Beoordelaars vanaf Johannesburg, Bloemfontein en Pretoria is verwerf om die studente in die volgende kategorieë te beoordeel: letterkunde en taal, drama, dans, instrumentaal, vokaal en kuns.

**REDENAARS:**
Goudveld-Hoërskool neem aan verskeie redenaarskompetisies deel. Die interne redenaarskompetisie vind reeds in die eerste kwartaal plaas. Leerders het ook die geleentheid om aan die ATKV-redenaarskompetisie in April deel te neem. Agt leerders het hierdie jaar aan die eerste uitdunrondte deelgeneem en vier leerders is deur na die semi-finale rondte. Jonoria Masiu, Kaylee Groenewald en Logan Jacobs dring deur na die top 10 in die Vrystaat in hul onderskeie afdelings. Goudveld-Hoërskool neem ook deel aan ATKV-digi-praat en die jaarlikse Taal- en Kunstefees.

**ATKV-DEBAT:**
Goudveld-Hoërskool spog met 8 debatspanne en neem deel aan verskeie debatkompetisies, wat ATKV en Con Spirito insluit.

**GEMEENSKAPSBETROKKENHEID:**
Hierdie skool is trots op sy leerders en opvoeders se betrokkenheid in die gemeenskap. Tydens die jaarlikse KANSA-, Tekkie Tax- en Loslitdag vir gestremdes, samel die Gouties ook hiervoor geld in. Ons bid ook saam met miljoene vroue wêreldwyd tydens die Biddag vir Vroue. Met Vrouedag word die dames geëer vir hulle bydrae in die opvoeding van die leerders. Projek Voetspoor: gr.12-leerders skenk hul skoolskoene op hul laaste skooldag.

**ATKV-JEUGTAK:**
Die Gouties het die eerste jeugtak in die Noord-Vrystaat gestig. Hierdie is 'n aktiewe tak wat groot pret bied. Die jeugtak het ook 'n toekenning tydens die ATKV kultuurkuier vir hulle tuinprojek ontvang.

**SKAAK:**
Skaak... Maak jou skuif, of kom leer om dit te doen. Kom voel tuis tussen seuns en dogtersspanne. Juniors en Seniors. Ons voer skaak tot op die hoogste vlak.

# Kultuur en ander aktiwiteite

Streek-, interprovinsiaal, sowel as deelname aan Suid Afrikaanse Junior Skaakkampioen-skappe.

**VCSV:**

Die Verenigde Christen Studente Vereniging van Goudveld-Hoërskool is besonder aktief. Bywoning word sterk aanbeveel. Bybelstudie-kringe word eenmaal per week gehou met kwartaallikse lofprysing.

**MELODRAMA:**

Goudveld het n jaarlikse melodrama. Die geleentheid is ons grootste fondsinsamelings projek wat deur die gemeenskap ondersteun word. Elke leerder beoefen sy/haar kreatiwiteit en bewegingsvermoë op die verhoog. So ontgin ons ook die verskuilde talente van ons leerders en onderwysers.

**KOOR:**

Goudveld-Hoërskool se koor bestaan uit 57 lede en word afgerig deur mnr. F. Janse van Rensburg. Mev. H. Bouwer en mev. T. Koen help met die dag-tot-dag bestuur. Die koorbestuur sluit Anchené du Plessis (Voorsitter), Steve Ferreira (Ondervoorsitter), Shalea Pretorius (Registrateur), Abigail Davies (Sekretaresse), JJ Janse van Rensburg (Borge), Mari Erasmus (Klerasie), Droné Hans (Sosiaal) en Nikayla Ferris (Bemarking) in. Gedurende die Junie vakansie, oefen die koor by Salt 'n Pepper ter voorbereiding vir die Goudveld-Hoërskool Taal- en Kunstefees. By hierdie geleentheid ontvang die koor 'n A+ toekenning. Die koor is besig om volstoom gereed te maak om op nasionale vlak te begin kompeteer.

**GHOLF:**

· Gouties se gholf is weer in volle swang en daar is baie opgewondenheid by die jonger spelers wat deurkom.
· Ons het die jaar weer drie spanne in die liga ingeskryf wat kompeterend was.
· Die meisies bring hulle kant met die gholf en ons het twee meisies wat deelgeneem het by die proewe, waarvan een meisie eerste span gespeel het.
· Gouties spog met een speler wat verkies is tot die Noord Vrystaat Skole Gholfspan vir 2025.

**NETBAL:**

· Ons netbal beskik oor 13 afrigters met een doel voor oë, en dit is om ons dogters se talente na 'n volgende vlak te vat.
· Ons toer jaarliks met 5 spanne na verskeie toere, bv. na die Protea-afrigter Jenny Van Dyk se kursus en Dorette Badenhorst se kursus by Sun City.
· Ons het 11 personeel met 'n vlak 3 vir skeidsregting by die Gouties.
· Ons het 'n spesialis afrigter wat oor ons netbal is, me. Marie de Wet.
· Ons spog met verskeie lejweleputswa-speelsters in verskeie ouderdomsgroepe.
· Een leerder Carli Taljaard in die Vrystaatspan.
· Nonnie Mjaliswa speel tans vir TUKKIES 1 en is gekies vir die o/21 protea netbalspan in 2025.
· Ons verteenwoordig Goudveld-Hoërskool vanaf 2005 op die Vrystaat-kampioenskappe, waar ons tussen 2-4 plekke jaarliks behaal.
· Ons neem ook deel aan die FAST-5 netbal en was weereens verlede jaar gekroon as die Lejweleputswa streekswenners.
· Ons skool ding ook in 'n groter reeks mee, naamlik die WESGROW-reeks, dus is dit baie meer blootstelling vir die meerderheid leerders in ons skool.

**RUGBY:**

Ons rugbyjaar het afgeskop met 'n vriendskaplike rugbydag teen Grey Kollege van Bloemfontein. Ons manne het uitstekende weerstand gebied teen een van die top rugby-skole in Suid-Afrika, en dit was 'n waardevolle begin vir die seisoen.

Die Wesgrow-liga het begin met 'n wedstryd teen Diamantveld. Die eerste Griffons-liga bepaling was teen Trio in Kroonstad, waar ons span hul vasbyt en karakter getoon het.

'n Hoogtepunt was die toer van ons o/14- en o/15-spanne, asook die seniors, na Volksrust, terwyl die o/16's na Bethlehem getoer het. Al was die toernooi in sopnat omstandighede, het ons seuns met trots en waardevolle ervaring daaruit gekom.

Wedstryde teen Witteberg en Voortrekker het gevolg, waarna ons span naelskraap teen 'n fisiese Hentie Cilliers vasgeval het. Die derby was, soos altyd, kliphard – 'n ware kragmeting tot die einde.

In die laaste week van die vakansie het ons 'n mini-oefenkamp gehou, wat gevolg is deur 'n wedstryd teen Sentraal. Teen JF in Bloemfontein het ons seuns 'n briljante vertoning gelewer en teen die einde van die jaar het die span goeie momentum opgebou. Ons is ook besonder trots op ons spelers wat vir die Griffons gekies is.

· Thomas Botma en Kamahelo Moloke is opgeneem in die Griffons o/17-groep wat in die Junie-vakansie deelgeneem het.

· Kamohelo Moloke is opgeneem in die Griffons o/17 sewes-span.

Met só 'n jaar agter die rug, sien ons met groot entoesiasme en verwagting uit na die 2026-seisoen.

**VOORTREKKERS:**

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat die moderne Afrikaner bemagtig om suksesvol in hulle roeping in diens aan hulle land en God te wees. Kampe is die hartklop van die Voortrekkers. Goudveld se Voortrekkers is betrokke by spankampe en kommandokampe. Die provinsiale gebiedskampe of Doornkloof is elke jaar 'n hoogtepunt. Hulle neem ook deel aan die winter jagkamp en op nasionale vlak kamp hulle by Hartenbos die Seejol kamp. Ons Voortrekkers is omtrent die land vol. Kom deel in die pret en avontuur van Vorie-wees. Maandae middae, tussen 14:00 – 15:00, kom die voortrekkers op die weiveld bymekaar vir hulle spanmiddae. Sien jou daar!

**KRIEKET:**

Goutie-krieket gaan van krag tot krag en lewer konstante uitnemendheid. Ons krieket het 'n baken van trots vir die skool geword en ons hoop om voort te bou op die suksesse van die verlede.

Tydens die 2024/25 seisoen het ons spanne goed presteer in die Lejweleputswa-liga. Ons spanne speel gereeld vriendskaplike wedstryde teen top-klas spanne wat nie in ons liga is nie om seker te maak ons spelers en spanne het genoeg wedstryd-tyd om tot hul volle potensiaal te ontwikkel.

Die eerste span seuns, het vroeg in die jaar in Bloemfontein gaan toer ter voorbereiding vir die seisoen. Ons dogters het ook aan die Hennenman T10-toernooi deelgeneem en as wenners van die dag weggestap. Die dogterskrieket het sterk momentum gevind. Ons eerste span het in 'n dubbele-rondte Lejweleputswa-liga gespeel. Ons is opgewonde oor die groeiende belangstelling en betrokkenheid onder die dogters. Goudveld-Hoërskool is trots om hierdie geleentheid vir die dogters te bied. Die 2025/26 seisoen het reeds begin en Goudveld spog met twee o/15- en o/19-spanne wat in die onderskeie ligas ingeskryf is. Ons is ook die enigste skool wat twee dogtersspane in die liga het. Ons sien uit na nog 'n seisoen van briljante krieket en goeie tye langs die veld.

Eerste seuns en eerste dogters het die Lejweleputswa streek T20 gewen en deurgedring na Vrystaat afdeling. Eerste dogters het die Lejweleputswa Liga ook gewen.

Ons spog met 3 CSA vlak 2 afrigters en 3 Lejweleputswa streekspan afrigters asook 'n Vrystaat keurder.

Lejweleputswa spelers:
o/19 Seuns: Keagan Frankenfeld, GJ Wessels, Kayden Pienaar
o/19 Dogters: Kaela-Mari Keyser, Bella Kruger
o/16 Seuns: Vian Boardman
Lejweleputswa Afrigters:
o/19 Seuns: Paul Sauer
o/19 Dogters: Bernard Mol
o/16 Seuns: Jandré Makkink
Vrystaat Keurder: Tsepo Masheshemane

**ATLETIEK:**

Ons het vanjaar 'n uitsonderlike atletiekseisoen beleef. Deur spanwerk, toewyding en harde oefening het ons atlete nie net hul persoonlike beste behaal nie, maar ook ons skool se naam met trots gedra. Die seisoen was gekenmerk deur merkwaardige deelname, verskeie podiumplekke en 'n gees van deursettingsvermoë wat regdeur elke byeenkoms gestraal het. Ons is ongelooflik trots op elke deelnemer en sien uit na nog groter hoogtes in die komende jaar. Daar was weer groot opwinding en die Gouties het in massas deelgeneem. Die GOUTIE ATLETIEK BIG BRAG was ook weer 'n reuse sukses. Ons Gouties is jaarliks baie trots op ons massa deelname tydens die

streekbyeenkoms waar die blou golf behoorlik opskudding veroorsaak met 88 medaljes. Ons wen ook die Lejweleputswa streek met 36 goue medaljes, 27 silwer en 25 brons. Ons is tans die beste atletiekskool in Lejweleputswa. Ons het 148 atlete ingeskryf in 2025. Ons top 20 atlete het aan twee byeenkomste deelgeneem: Sentraal Top 20 en PPL Track and Field. Ons het aan drie uitnodigingsbyeenkomste in ons voorseisoen deelgeneem Grey/Oranje, Sasolburg Hoërskool uitnodigingsbyeenkoms en Jim Fouché JP Botha uitnodigingsbyeenkoms. Ons het vanjaar 12 atlete wat deelvorm van die SA-span wat 3-6 April 2025 deelgeneem het in Bloemfontein aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Ons het op SA's 6 medaljes verower.

HUISBYEENKOMS

25 BESTE ATLETE BY HUISBYEENKOMS: (Word bepaal deur die twee hoogste items se tabelpunte bymekaar te tel)

Lynn-Mari Louw, Izé Nel, Justin Swaine, Hope Coetzer, Carli Taljaard, Arian Botes, Khloe Griesel, Kamohelo Moloke, Britz Reinders, Jessica Krynen, Stephan du Toit, Malan Marx, Rihané Liebenberg, Keagan Frankenfeld, Aimee O'Brien, Lienké Meintjes, GJ Wessels, Kayden Pienaar, Blanché Fourie, Chenicke vd Merwe, Ingrid Erasmus, Ethan Botes, Vanessa Wasyliszyn

REKORDS VERBETERING OP HUISBYEENKOMS:

Dogters-19-Hamergooi: Izé Nel – 39.43m
Seuns-17-Driesprong: GJ Wessels – 13.60m
Dogters-14-800m: Hope Coetzer – 02:25.70
Seuns-19-Spiesgooi: Keagan Frankenfeld – 59.09m
Seuns-15-Diskusgooi: Justin Swaine – 38.12m
Seuns-15-Hamergooi: Arian Botes – 30.82m
Dogters-17-Hamergooi: Lynn-Mari Louw – 49.48m

**SA ATLETE**

Keagan Frankenfeld – Spiesgooi
GJ Wessels – Verspring en Driesprong
Carli Taljaard – Diskus
Lynn-Mari Louw – Hamergooi, Diskus en Gewigstoot
Jevanho Motaung – Hoogspring
Audell Steenkamp – Hoogspring
Kamohelo Moloke – 100m, 200m en aflos
Tshepo Manenye – 110 Hekkies en 1000m Medley
Xandri Britz – Goud Hamergooi

Goutie atlete spog met 2 goud, een silwer en twee brons medaljes op SA's.

Goud – Kamohelo Moloke – 100x4 Aflos
Lynn-Mari Louw – Hamergooi
Silwer – Lynn-Mari Louw – Diskus
GJ Wessels – Silwer – Verspring
Brons – Tshepo Manenye – 1000m Medley
GJ Wessels – Brons – Driesprong

**TWEEKAMP:**

Tweekamp atlete neem deel aan verskeie proewe in ons Provinsie asook aan Interprovinsiale proewe,waar hulle sekere tye moet handhaaf in hardloop en swem om in aanmerking geneem te word vir die Noord-Vrystaat span wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelneem.

Hierdie jaar het dit in Oudtshoorn plaasgevind op 21-22 Maart 2025 en hulle beoog om dit weer in Oudtshoorn aan te bied op 20 - 21 Maart 2026.

Ons het 3 atlete wat hiedie jaar gekwalifiseer het vir die Noord-Vrystaat hulle is:

Mianique Lombard 0/19 NVS span vir SA's o/19
Ineke Bouwer 0/19 NVS span vir SA's o/19 Noord-Vrystaat
Lana Odendaal 0/19 NVS span vir SA's

Ineke Bouwer en Lana Odendaal gaan neem deel in Oudtshoorn en eindig onderskeidelik 39 en 40ste in die land in hul ouderdomsgroep.

**SWEM:**

Hierdie jaar het ons Goutie swemspan bestaan uit 6 lede: Edrich Cronjé, Mianique Lombard, Dennis Combrinck, Realeboha Phakoe, Ineke Bouwer en Lana Odendaal.

Mianique Lombard neem op 25-26 Januarie 2025 deel aan die 4 + 1 gala in Kimberley waar sy die volgende verwerf:

Edrich Cronje:
- 50 m Vryslag 1ste plek.
- 50 m Borsslag 1ste plek.
- 100 m Vryslag 1ste plek.
- 50 m Vlinderslag 2de plek.
- 50 m Rugslag 3de plek.

Edrich en Mianique word in die Vrystaat swemspan ingesluit wat aan die SA Skole Swemkampioenskappe gaan deelneem en word ook altwee as spankapteine verkies vir die Vrystaat span.
Mianique gaan neem deel aan die SA Skole Swemkampioenskappe in Bloemfontein op 4-8 April 2026 en verwerf die volgende puik prestasies:
Sy dring deur na 6 finale en verteenwoordig Vrystaat in 3 aflosse
- 50 m Borsslag- 2de plek-nuwe persoonlike beste tyd.
- 100 m Borsslag- 2de plek.
- 200m Borsslag 2de plek-nuwe persoonlike beste tyd.
- 4x 50 m Vryslag- 2de plek.
- 4x 50 m Individuele Medley- 2de plek.
- 4x 100 m Individuele Medley- 1ste plek

Mianique verwerf 5 silwer en 1 goue medaljes op SA's. Wat 'n einde vir 'n fantastiese loopbaan. Mianique neem ook deel aan die SA Nasionale Junior Swemkampioenskappe vir klubs in Kaapstad vanaf 25-29 April waar sy vir 100m Borsslag 7de en vir 50m Borsslag 8ste in Afrika eindig.

**MUURBAL**

Goudveld wen die 1ste muurbal derby wedstryd teen Gimnasium met 'n telling van 11 – 7. Die volgende leerders is op die Lejweleputswa-ranglys vir 2025:
Meisies o.14: Lunay Smit nommer 2
Seuns o.16: Jandré van Brakel nommer 1, Owen Bekker nommer 4
Seuns o.19: Dennis Combrink nommer 9
Goudveld eindig 2de in die A liga in 2025 se skole muurballiga.

# Gouties spog



## mej. R. Siebert

· Keurder o/14-Lejweleputswa-hokkiespan
· VS Spiesgooi afrigter na SA's
· NVS Hoofafrigter
· Ondervoorsitter NVS Hokkie Bestuur
· Wesgrow Direksie



## mej. M. Harmse

· Lejweleputswa-streeksverteenwoordiger: VSAAV-afrigtersvereniging
· Gr 12 Wiskunde Merker
· Vrystaat Wedlope afrigter vir SA span
· Lejweleputswa Atletiek Komitee
· Vrystaat Netbal A-skeidsregter
· Keurder Vrystaat Atletiek
· Hoërskole Atletiek Vereniging



## mnr. D. Lombaard

Psigometris
(B.Com Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudinge Bestuur, Honeurs in Bedryfsielkunde (NWU), M.Com Menslike Hulpbronne (NWU) NGOS (NWU)



## mev. A. Barnard

Baccalaureus Artium (Kommunikaskunde) (Universiteit Vrystaat); Honneursbaccalaureus Artium Sielkunde (Universiteit Vrystaat); Hoër Onderwys Diploma (Nagraads) (UNISA)

# SA Atlete en Afrigters


GJ Wessels


Javanho Motaung


Lynn-Mari Louw


Tshepo Manenye


Carli Taljaard


Justin Swaine


Roxy Siebert
Afrigter


Kamohelo Moloke


Audell Steenkamp


Xandri Brits


Madri Harmse
Afrigter

# Landbou by Goudveld-Hoërskool

2026 is 'n jaar van baie nuwes vir Goudveld-Hoërskool, vanaf Januarie 2026 gaan Goudveld-Hoërskool drie nuwe landbouvakke aanbied naamlik, Landboubestuurs-praktyke, Landboutegnologie en Landbouwetenskappe. Die drie nuwe vakke sal volledig geïmplimenteer word en deel vorm van die keuse vakke wat gr.10 kan neem.

Landboustudies is volledig en suksesvol geïmplimenteer vir gr.8 en 9 leerders, waar die leerders kan kies tussen Landboustudies of Skeppende Kunste. Landboustudies is 'n dinamiese vak waar die leerders oor gewasse, die aanplant van gewasse, diereproduksie en die finansiële aspek van landbou leer. Hierdie konsepte word by ons eie skool vir leerders geleer met ons eie groentetuin wat aan die begin van 2024 gestig is.

Die leerders is verantwoordelik vir die onderhoud van die groente om 'n optimale oes aan die einde van die jaar te kan afhaal. Om hierdie onderhoud te vergemaklik het Turf-Ag 'n besproeiings stelsel geborg wat watertoevoer na die tuin vergemaklik. Gewasse is ook nie die enigste aspek waarmee die leerders prakties werk nie.

Die graad 8's het 'n praktiese skaaphanterings sessie gehad waar elke leerder die geleentheid gehad het om 'n skaap te hanteer. Die graad 9's het 'n praktiese beeshantering sessie gehad waar die leerders die geleentheid gehad het om die beeste vir ekstensiewe parasiete moes behandel, oor “tags” insit, die beeste reg hanteer in die drukgang asook van ons leerders het die geleentheid gehad om beeste te brandmerk.

Aan die begin van 2025 het die Departement van Onderwys vir Goudveld 'n groentetonnel gegee, waar die leerders meer kan leer oor intensiewe gewas produksie en die ontkieming van saailinge.

Landboubestuurspraktyke gaan hand aan hand met Landboustudies. Die leerders gaan in diepte leer oor hoe om 'n boerdery te bestuur en wat verskillende boerdery praktyke behels.

Die leerders gaan in 2026 drie verskillende boerdery praktyke bestudeer en prakties self toepas, naamlik intensiewe braaikuiken produksie, intensiewe uie produksie asook ekstensiewe sojaboon produksie op ons eie plaas. Die braaikuikens en uie sal by die skool gedoen word.

Landboutegnologie is vaardigheidsvak, waar die leerders gaan leer hoe om in 'n werkswinkel te werk en sekere voorwerpe en strukture te bou. Leerders gaan leer hoe om staalwerk te doen, verskeie implimente te gebruik en reg te maak, elektrifisering en oprigting van heinings, hidroliesestelsels en nog vele meer tegniese vaardighede wat hul sal bemagtig om eendag suksesvol op die plaas of werkswinkel te kan werk.

Landbouwetenskappe as vak handel oor die wetenskaplike aspekte van landbou. Hierdie vak is meer teoreties en gee vir leerders die kennis en vaardighede om genetika te verstaan, voermonsters te ontleed, die liggaamlike werking van verskeie plaasdiere, chemiese stowwe se gebruike op die plaas net om 'n paar afdelings te noem.

Goudveld-Hoërskool gaan ook betrokke raak by Jeugskoue vanaf 2026. Leerders gaan die geleentheid kry om met verskeie diere naamlik konyne, duiwe en skape te skou. Die leerders sal verantwoordelik wees vir die versorging, mak maak, skou voorbereiding en hantering van hierdie diere.

Saam met hierdie harde werk doen ons ook lekker dinge soos om Nampo te besoek. Tydens die leerders se besoek aan Nampo, moes hulle 'n skattejag voltooi om al die verskillende aspekte en nuwe tegnologieë van boerdery te kon sien en beleef. Nampo was 'n baie insiggewende uitstappie en die leerders se oë het oop gegaan vir die groot landbou wêreld wat daar buite is. Goudveld het nog groot drome vir ons Landbou en om dit baie verder uit te brei.

# Landbou by Goudveld-Hoërskool















*"Ons bou op waardes, nie op vergelykings nie."*

## Gedragskode soos opgestel deur Goudveld-Hoërskool:

**Beheerliggaam in oorleg met Goudveld-Hoërskool: leerders, bestuurspan, opvoeders en ouers volgens:**

**1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996**
**2. Suid-Afrikaanse skolewet 1996 (Wet no. 84 van 1996)**
**3. Riglyne vir 'n gedragskode vir leerders (Kennisgewing 776 van 1998)**
**4. Provinsiale regulasies oor skorsing**

### 1.1 Beleidsraamwerk

Volgens Kennisgewing 776 van 1998 dien die volgende beginsels, filosofie en etos soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 as aanhef tot Goudveld-Hoërskool se gedragskode vir leerders.

Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 bepaal in Artikel 8(1) die volgende:

* Behoudens enige toepaslike provinsiale wet moet 'n beheerliggaam van 'n openbare skool 'n gedragskode vir leerders aanvaar na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool.

* 'n Gedragskode soos in subartikel (1) bedoel, moet daarop gemik wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skool omgewing, wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses, te vestig.

* Die Minister kan, ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers, riglyne bepaal vir oorweging deur beheerliggame in die aanvaarding van 'n gedragskode vir leerders.

* Geen bepaling van hierdie Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool, wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.

* 'n Gedragskode moet bepalings van 'n behoorlike regsproses bevat om die belange van die leerder en enige party wat by dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.

Volgens Kennisgewing 776 van 1998 (p.17) word hier daarna verwys dat, alhoewel die Staat die verpligting het om onderwys beskikbaar en toeganklik te maak, dit aangevul moet word deur die toewyding en aanvaarding van verantwoordelikheid deur die ander vennote in onderwys, onder meer leerders, opvoeders en ouers.


ATKV
Kultuur Kuier
GVHS
CON SPIRITO
Debat
REDENAARS
ATKV
SWEM
MAAK MY'N
Miljoener

# Skorsing en uitsetting uit openbare skool

**1.2 Die Skoolgemeenskap neem kennis van Artikel 9 van die SA Skolewet soos hieronder uiteengesit:**

(1) Behoudens hierdie Wet en enige toepaslike provinsiale wet, kan die beheerliggaam van 'n openbare skool, na 'n regverdige verhoor, 'n leerder skors van bywoning van die skool.

(a) as 'n korrektiewe maatreël vir 'n tydperk wat nie een week te bowe gaan nie;

(b) in afwagting van 'n beslissing deur die Departementshoof of die leerder uit die skool gesit moet word.

(2) Behoudens enige toepaslike provinsiale wet, mag 'n leerder by 'n openbare skool uit die skool gesit word slegs -

(a) deur die Departementshoof; en

(b) indien hy of sy na 'n regverdige verhoor skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

(3) Die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal, by kennisgewing in die Provinsiale Koerant -

(a) die gedrag van 'n leerder by 'n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word;

(b) dissiplinêre prosedures wat in sodanige gevalle gevolg moet word;

(c) bepalings van 'n behoorlike regsproses om die belange van die leerder en enige ander party wat by dissiplinêre handelinge betrokke is, te beskerm.

(4) 'n Leerder of die ouer van 'n leerder wat uit 'n openbare skool gesit is, kan teen die beslissing van die Departementshoof appél aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad.

(5) Indien 'n leerder wat ingevolge artikel 3(1) aan verpligte bywoning onderhewig is, uit 'n openbare skool gesit word, moet die Departementshoof 'n alternatiewe reëling tref vir sy of haar plasing by 'n openbare skool.

**1.3 Verbod op lyfstraf**

Die skoolgemeenskap neem kennis van Artikel 9 van die SA Skolewet soos hieronder uiteengesit:

(1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.

Goudveld-Hoërskool wil deur die gedragskode vir leerders 'n kultuur van versoening, onderrig en wedersydse respek skep, asook die vestiging van 'n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in alle skole onderskryf.

**2. Basiese uitgangspunte (etiek) tot gedragskode**

* Die etiek van ons gedragskode is gebaseer op die Goutie-waardes van geesdrif, omgee, uitnemendheid, trots, integriteit, respek en selfdissipline.
* Ons aanvaar gesag, respekteer ons mede-leerders, leiers en ondersteun hulle volledig. Elke leerder moet die Goutie-waardes respekteer en in sy/haar daaglikse lewe 'n voorbeeld vir sy/haar medeleerders wees.
* Ons glo in ons waardes van geesdrif, omgee, uitnemendheid, trots, integriteit, respek en selfdissipline. Ons streef netheid, flinkheid en hoflikheid na.
* Ons streef na menswaardigheid ten opsigte van almal. Die welsyn en geluk van elke leerder van Goudveld-Hoërskool is 'n hoë prioriteit. Ons reik uit en aanvaar graag vriendskap en toegeneëndheid.
* Dit is ons benadering en ons strewe om alles wat ons doen na die beste van ons vermoëns te doen.
* Ons weet dit is 'n voorreg om deel van Goudveld-Hoërskool te wees en daarom bou ons voort aan ons skool se goeie naam en roemryke tradisie.
* As Gouties glo ons in samewerking en aktiewe deelname op alle terreine, werklike omgee vir mekaar, goeie kommunikasie en 'n vriendelike atmosfeer - dit dra alles by tot 'n eiesoortige spangees en verstewig ons bande.
* Ons verwagting is dat die skool positief en pro-aktief in ons toekoms sal belê. Die integrale ontwikkeling van leerders op akademiese-, sport-, kultuur- en geestelike terrein is van kardinale belang.
* Elke leerder het 'n unieke persoonlikheid waarvoor ruimte gegee moet word om op alle terreine ten volle te ontwikkel, binne die perke soos gestel in die gedragskode.
* Elke jongmens kom ten beste tot sy/haar reg in 'n milieu waar suiwer waardes nagestreef word en elkeen weet wat van hom/haar verwag word.
* Ons sien die bereiking van hierdie doelstellings nie as 'n stel reëls nie, maar as 'n omskrywing van die praktyk waarby die hele skoolgemeenskap inskakel.

**3. Die praktyk van die gedragskode**

3.1 Skoolbywoning en die daaglikse program

3.1.1 Getroue skoolbywoning is vir elke Goutie belangrik. Indien 'n leerder weens siekte en/of 'n ander rede afwesig is, stel die ouers die skool per brief aan die voogonderwyser in kennis.

Hierdie brief (van ouer/dokter/begrafnisondernemer) moet aan die registeronderwyser getoon word sodra leerder weer by skool is. Twee dae grasie, word toegestaan, anders tree dissiplinêre aksie in (kat. 2 nr. 19). Indien daar 'n vermoede bestaan dat hierdie brief deur die leerder self geskryf/getik is, moet die graadvoog dadelik daarvan in kennis gestel word.

3.1.2 Leerders tree om 07:20 as die klok lui dadelik op die plaveisel in klasverband vir die opening aan. Om 07:25 moet almal stil en ordelik aangetree wees. Die aantree moet flink en vinnig geskied. Na opening beweeg die leerders ordelik en stiptelik na die registerklasse of die eerste periode.

3.1.3 Klaswisseling is vinnig, flink en ordelik in rye. Dadelik ná die klok vir die einde van 'n periode gelui het, moet die leerders na die volgende klas beweeg. Niemand mag tydens klaswisseling die kleedkamers besoek of 'n onderwyser nie. Gedurende die toesigperiodes geld dieselfde orde-reëlings.

3.1.4 Tydens pouse beweeg die leerders dadelik uit die geboue uit om op die terrein te ontspan. Niemand mag sonder toesig in enige lokaal wees nie. Na pouse moet daar vinnig na die klasse beweeg word. Binne drie minute nadat die klok vir die einde van pouse gelui het, moet leerders in hulle klasse wees.

3.1.5 'n Goutie het respek vir die goeie orde in die skool. Tydens godsdiensopeninge en godsdiensafsluitings en ander afkondigings moet stilte gehandhaaf word. Godsdiens-periodes en beoefening is vrywillig en 'n lokaal met toesig sal beskikbaar gestel word vir leerder wat dit, weens geloofoortuigings, nie bywoon nie.

3.16 Leerders mag nie die skoolterrein verlaat sonder skriftelike toestemming deur die graadvoog en vakonderwysers nie. In geval van nood sal die graadvoog alleen skriftelike toestemming verleen dat die terrein verlaat kan word. Hierdie briefies moet die volgende dag by die registeronderwyser ingehandig word.

3.1.7 Mediese- en ander roetine-afsprake moet sover moontlik tot die middae beperk word. Indien moontlik moet leerders reeds 'n dag voor die tyd vir sulke afsprake uitteken.

3.1.8 Alle besoekers voor, na en gedurende die skooldag moet by die kantoor aanmeld. Geen leerder mag enige besoekers op die skoolterrein óf by die hekke óf die skoolomheining te woord staan tydens pouse of gedurende die skooldag nie.

3.1.9 Leerders wat tydens onderrig die onderriglokaal verlaat, moet 'n toestemmings-bewys van die opvoeder by wie hy/sy onderrig op die tydstip ontvang, by hom/haar hê.

3.1.10 Leerders mag geen selfone tydens onderrig of saalbyeenkomste (aangeskakel) by hulle hê of met selfone speel nie.

**3.2 In die klaskamer en benadering tot akademie**

3.2.1 'n Goutie gedra hom/haar sodat 'n gesonde leerkultuur in ons skool gehandhaaf en bevorder kan word. Pligsgetrouheid is 'n belangrike prioriteit vir elke Goutie. Daar moet met selfdissipline gewerk word en gestreef word na eie insig en begrip van alle vakinhoude.

3.2.2 'n Goutie neem ander leerders deurgaans in ag, daarom mag lesse nie onderbreek word nie en elke leerder moet die geleentheid gegun word om die vakinhoude te bemeester.

3.2.3 Opdragte van elke opvoeder moet nougeset, stiptelik en netjies uitgevoer word.

3.2.4 Klaskamers moet te alle tye skoon en netjies gehou word asook alle meubelment, hulpmiddels en versierings.

3.2.5 Gedurende eksamentye en toetse respekteer elke Goutie sy/haar medeleerders en sorg dat die eksamen en/of toets ordelik en sonder steurnis afgelê word.

3.2.6 'n Goutie sorg dat sy/haar ouers deurlopend, volledig en stiptelik ingelig is oor alle ouer- en inligtingsaande, sy/haar toetsuitslae en/of eksamenuitslae en algemene vordering.

3.2.7 Elke leerder dra die verantwoordelikheid om werk waarmee hy/sy agter geraak het, self in te haal.

3.2.8 Tasse moet stewige afskortings hê.

3.2.9 Klaskamerreëls, soos opgesit in klasse, moet deurentyd nagekom word.

**3.3 Buite die klaskamer**

3.3.1 Elke Goutie is deel van Goutieland en dra positief by tot die goeie naam en beeld van die skool. Goeie maniere, selfdissipline en selfbeheersing is tipiese eienskappe van elke leerder van Goudveld-Hoërskool.

3.3.2 Alle byeenkomste moet gekenmerk word deur ordelikheid. Alle gaste, besoekers en sprekers moet te alle tye gerespekteer word en beleefd gegroet word. Geen Goutie mag 'n gas, besoeker, spreker of opvoeder aanspreek of nader met sy/haar hande in die sakke nie.

3.3.3 Elke Goutie dra by tot die netjiese en skoon voorkoms van die skoolterrein en moet dit deurgaans so hou.

3.3.4 Op en langs die sportveld moet elke Goutie (ouers, opvoeders, afrigters en deelnemers) ware sportmangees openbaar. Respek moet deurgaans teenoor medespelers, opponente, skeids- en lynregters, toeskouers, ondersteuners en enige ander beamptes betoon word. Elke Goutie-deelnemer moet in die voorgeskrewe drag (3.4) geklee wees en geen vuil of kru taal is toelaatbaar nie (sien Kategorie 1 nommer 12 vir dissiplinêre aksie).

3.3.5 Gouties wat as toeskouers by enige byeenkoms optree, moet in die voor-geskrewe drag geklee wees en deurgaans optree soos in 3.3.4 beskryf. 'n Leerder wat die reël oortree sal gevra word om die terrein te verlaat.

3.3.6 Alle uitstappies moet gekenmerk word deur hoflike, vriendelike en onberispelike gedrag en optrede. Elke leerder moet soos voorgeskryf, geklee wees.

3.3.7 Deelname aan en betrokkenheid by alle skoolaktiwiteite deur leerders, ouers en opvoeders bevorder 'n positiewe gees. Ondersteuning van mede-leerders wat betref buitemuurse-, sport- en kultuurbyeenkomste is deel van Goudveld Hoërskool se kultuur.

**3.4 Voorkoms**

Dit is 'n voorreg vir elke Goutie om aan sy/haar skooldrag uitgeken te word en 'n netjiese voorkoms dra by tot die positiewe gees en beeld van Goudveld-Hoërskool. Eenvormigheid

en netheid kweek ook trots by elke Goutie en alle persone betrokke by die skool. Die voorgeskrewe skooldrag en sportdrag en die reëls vir die algemene voorkoms van elke Goutie geld te alle tye.

Aansoeke vir kwytskelding van onderstaande reëls weens geloof-, kultuur- of gesondheidsredes moet deur die beheerliggaam, via die graadvoog gedoen word.

**3.4.1 Meisies**

(a) Wintersdrag

(i) Skoolbaadjie is verpligtend.
(ii) Skoollangbroek is donkerblou soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien met bypassende donkerblou sokkies sonder patrone.
(iii) Skoolromp is donkerblou, soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien. Die lengte van die skoolromp sal nie meer as 5cm bo die knie wees indien die dogter op haar knieë staan nie. Bypassend sal die dogter swart dik sykouse dra (decitex).
(iv) Skoolhemp, skooldas, skooltrui, skoolbaadjie, soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien.Hemde moet ten alle tye ingesteek wees.
(v) Swart skoolskoene met bandjies. Geen veterskoene word vir dogters toegelaat nie.

**(b) Somersdrag**

(i) Skoolrok soos voorgeskryf en beskikbaar by skool se amptelike leweransiers. Die lengte van die rok soos voorgeskryf by die skoolromp.
(ii) Wit sokkies sonder patrone of frilletjies.

**(c) Uitgaandrag**

(i) Soos wintersdrag met 'n skoolbaadjie.

**(d) Sportdrag**

(i) Die Goutiebroek is slegs 'n oefenbroek.
(ii) Elke sportsoort het sy eie voorgeskrewe klere wat saam met die skoolsweetpak gedra word.
(iii) Geen skoolbaadjie mag by 'n sweetpak gedra word nie.
(iv) Geen juwele en grimering mag tydens wedstryde gedra word nie.
(v) Sweetpakke is slegs toelaatbaar op dae waar leerders die skool by sportgeleenthede verteenwoordig, asook in die Junie eksamen.
(vi) Geen plakkies mag saam met sportklere gedra word nie.
(vii) Op Vrydae is leerders, wat kwalifiseer vir die witbaadjie (eerstespanspelers), in daardie betrokke jaar, geregtig om hulle witbaadjies aan te trek.

**(e) Hare**

(i) Hare moet deurentyd skoon en gekam wees.
(ii) Hare wat langer as die onderste deel van die rok of hempskraag is moet vasgemaak word.
(iii) "Bob" haarstyle is toelaatbaar mits die meisie se gesig nie deur die hare verberg word wanneer sy vorentoe buig om te skryf nie. In so 'n geval moet die voorste deel van die hare vasgemaak word. Geen hare mag agter die ore ingedruk word om vasmaak van hare soos hierbo genoem te ontduik nie.
(iv) Geen kuif mag in die oë hang nie.
(v) Alle los stukkies hare moet netjies vasgesteek word met inskuifknippies.
(vi) Geen hare mag regop gekam word nie.
(viii) Hoogte van hare nie hoër as 15cm nie.

**(f) Vasmaak van hare**

(i) Slegs wit rekkies of wit linte saam met somersdrag en swart/vlootblou "navy" rekkies of linte met wintersdrag is toelaatbaar.
(ii) Saam met sportdrag word die wit rekkies gebruik.
(iii) Hare mag nie in meer as twee poniesterte vasgemaak wees nie.
(iv) Die rekkies van poniesterte moet teen die kop wees.
(v) Slegs inskuifknippies mag gedra word.
(vi) Slegs genoemde rekkies, linte en knippies mag gebruik word om hare mee vas te maak.

**(g) Die kleur van hare**

(i) Meisies word ten sterkste afgeraai om hulle hare te kleur.
(ii) Indien 'n meisie se hare wel gekleur is, moet dit ten alle tye natuurlik lyk en geen uitspattige kleur wees nie. Indien hare gebleik word en die kleur vertoon geel, moet die hare herstel/reg gekleur word.
(iii) Sodra hare wat gekleur is 1,5cm uitgegroei is, moet die kleur onderhou word, dus moet die wortels weer gekleur word.

**(h) Dra van pruike en fyn vlegsels**

(i) Pruike mag nie gedra word, mits dit natuurlik lyk en die hare moet vasgemaak word indien dit langer as die onderste deel van die rok of hempskraag sou wees.
(ii) Meisies mag fyn vlegsels in hulle hare sit, mits dit dieselfde kleur as die wortels van die hare is. Sodra die vlegsels 1,5cm uitgegroei is, moet dit vervang word.
(iii) Fyn vlegsels moet vasgemaak word indien dit langer as die onderste deel van die rok of hempskraag sou wees.
(iv) Vlegselstyle wat "bob" is moet aan die reëls van die "bob"-haarsnit voldoen.

**(i) Korter haarstyle**

(i) Dogters wat korter haarstyle verkies se kuiwe mag nie in hulle oë hang nie. Geen oneweredige stukke hare "slierte" mag in die gesig hang nie.

(ii) Korter hare mag nie regop gekam word nie.

**(j) Juwele**

(i) Slegs goue of silwer oorbelle is toelaatbaar.

(ii) Net een oorbel per oorlel. Maksimum grootte soos 'n 5c stuk en slegs 1mm dik.

(ii) Geen ringe, tongringe, neusringe, enkelbandjies en armbandjies word toegelaat nie.

(iv) Geen akupunktuur oorbelle is toelaatbaar nie.

**(k) Naels**

(i) As die hand regop gehou word, mag die naels nie oorsteek aan die palmkant nie.

(ii) Kleurlose naellak is toelaatbaar.

**(l) Grimering**

(i) Geen grimering is toelaatbaar nie. Dit sluit 'n onderlaag in.

**(m) Gewone klere dae**

(i) Meisies se hare mag los wees.

(ii) Geen grimering mag gedra word nie.

(iii) Kledingstukke met swak taal, prente of tekens word nie toegelaat nie.

(iv) Meisies mag ook geen deursigtige of spaghettibandjie kledingstukke dra nie.

(v) Rompe, rokke en broeke moet ten minste knielengte wees.

(vi) Klere moet welvoeglik wees.

(vii) Reg van toegang voorbehou.

**(n) Tatoeëermerke**

(i) Geen tatoeëermerke mag in skool of sportdrag sigbaar wees nie.

(ii) Alle tatoeëermerke wat sigbaar is, moet met 'n skoolkleding of 'n pleister verbloem word.

**(o) Matriekmeisies**

(i) Slegs matriekmeisies mag pêreloorbelle dra. Die grootte sal beperk word tot 'n maksimum van 8mm in omtrek, vergelykbaar met die agterkant van "bic" pen.

**(p) Goudveld-Hoërskool se matriekafskeid**

(i) Hare mag een week voor die tyd gekleur word.

(ii) Natuurlike naels mag een maand voor die tyd gegroei word.

(iii) Vals en gekleurde naels mag een week voor die tyd opgesit word.

(iv) Alle naels moet terug na normaal toe wees binne een week na die matriekafskeid.

**3.4.2 Seuns**

**(a) Wintersdrag**

(i) Skoolbaadjie is verpligtend.

(ii) Skoollangbroek is donkerblou soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien met bypassende skoolsokkies. Dit is ontoelaatbaar om die pype af te werk.

(iii) Skoolhemp, skooldas, skooltrui, skoolbaadjie, soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien. Hemde moet ten alle tye ingesteek wees.

(iv) Swart skoolskoene met veters. Geen stiksel of gespes.

**(b) Somersdrag**

**(aa) Graad 8 en 9**

(i) Skoolkortbroek OF skoollangbroek is donkerblou soos deur die amptelike leweransiers aan die skool, met bypassende skoolsokkies.

(ii) Kortmou skoolhemp soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien.

(iii) Swart skoolskoene met veters. Geen stiksels of gespes.

**(bb) Graad 10, 11, 12**

(i) Skoollangbroek is donkerblou soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien, met bypassende skoolsokkies.

(ii) Kortmou skoolhemp soos deur die amptelike leweransiers aan die skool voorsien.

(iii) Swart skoolskoene met veters.

**(c) Uitgaandrag**

(i) Soos wintersdrag met 'n skoolbaadjie.

**(d) Sportdrag**

(i) Die Goutiebroek is slegs 'n oefenbroek.

(ii) Elke sportsoort het sy eie voorgeskrewe klere wat saam met die skoolsweetpak gedra word.

(iii) Geen skoolbaadjie mag by 'n sweetpak gedra word nie.

(iv) Geen juwele mag tydens wedstryde gedra word nie.

(v) Sweetpakke is slegs toelaatbaar op dae waar leerders die skool by sportgeleenthede verteenwoordig, asook in die Junie-eksamen.

(vi) Geen plakkies mag saam met sportklere gedra word nie.

(vii) Op Vrydae is leerders, wat kwalifiseer vir die witbaadjie (eerstespanspelers), in daardie betrokke jaar, geregtig om hulle witbaadjies aan te trek.

**(e) Hare**

(i) Hare moet deurentyd kort, skoon en gekam wees.
(ii) "Gel" of "wax" mag matig gebruik word.
(iii) Hare mag nie gekleur word nie.
(iv) Geen vlegsels of "braids" is toelaatbaar nie.

**(f) Lengte van hare**

(i) 'n Afstand van 2cm tussen die hempskraag en die nek.
(ii) Hare is netjies oor die ore oopgesny.
(iii) Indien hare regop gekam word, mag dit nie langer as 5cm wees nie.
(iv) "Sidies" mag nie langer as middelste deel van die oor wees nie.
(v) Kuif mag nie die wenkbroue raak wanneer dit afgetrek word nie.

**(g) Haarsnitte**

(i) Geen "double cut", "step" of "comb over" mag gesny word nie.
(ii) Hare moet geleidelik vanaf die ore ingesny wees na bo.
(iii) Geen skielike verandering in die lengte van die hare mag gesien word nie.
(iv) Geen lyne of patrone mag ingesny word nie.

**(h) Ander**

(i) Geen ringe, tongringe, neusringe, oorbelle, enkelbandjies en armbandjies word toegelaat nie.
(ii) Seuns moet ten alle tye, ook in die eksamen skoon geskeer wees.
(iii) Naels moet kort en skoon wees.
(iv) Skoolbroeke moet met 'n netjiese swart gordel ("belt") gedra word en geen buitensporige gespes ("buckles") word toegelaat nie.

**(i) Gewone klere dae**

(i) Kledingstukke met swak taal, prente of tekens word nie toegelaat nie.
(ii) Klere moet welvoeglik wees.
(iii) Reg van toegang voorbehou.

**(j) Tatoeëermerke**

(i) Geen tatoeëermerke mag in skool- of sportdrag sigbaar wees nie.
(ii) Alle tatoeëermerke wat sigbaar is, moet met 'n skoolkledingstuk of 'n pleister verbloem word.

**(k) Goudveld-Hoërskool se matriekafskeid**

(i) Alle voorkoms verstellings wat nie ooreenstem met die gedragskode nie moet na normaal toe wees binne een week na die matriekafskeid.

**3.5 Kategorie-1 en Kategorie 2-oortredings**

* Kategorie 1 oortredings kan daartoe lei dat leerders tydelik of permanent uitgesluit word nadat dissiplinêre verhoor in sekere gevalle plaasgevind het.
* In kategorie 1 en 2 oortredings het die Skoolhoof die reg om leerders se eksamenvoorregte/matriekafskeid in sekere gevalle op te skort.
* By alle oortredings moet die leerder daarop let dat hy/sy grond van negering van die dissiplinêre gedragskode permanent uitgesluit kan word (sien ook Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 Artikel 8 (1)). Ouers van sulke leerders sal onmiddellik aanspreeklik gehou word vir alle agterstallige en/of uitstaande skoolgelde van sodanige leerder/s.
* Die Beheerliggaam, skoolhoof en opvoeders van Goudveld-Hoërskool onderneem om elke oortreding binne perke op meriete te hanteer. Oortredings word nie van jaar-na-jaar oorgedra nie.
* Leerders wat buite skoolverband oortree is in die eerste instansie die ouers/voog se verantwoordelikheid. Indien so 'n leerder se gedrag egter die skool se naam oneer aandoen, sal hy/sy volgens die gedragskode gestraf word.

**3.6 Detensie (Detensie word volgens die detensie protokol hanteer. Sien Bylae B)**

**1. BYLAE B - DETENSIE PROTOKOL**

1.1 Opvoeders mag leerders vir oortredings op detensie plaas volgens die skool se gedragskode.

1.2 Die graadhoof voltooi die detensiebrief en oorhandig dit aan die leerder om huis toe te neem.

1.3 Detensiebywoning is verpligtend en sal slegs geskuif word indien daar 'n SKRIFTELIKE versoek deur die VRL-VOOGDE ingehandig word vóór of op die Donderdag VOOR die detensiedatum. Die enigste redes wat vir die skuif van 'n detensie oorweeg sal word, is dood van 'n nabye familielid, doktersbrief vir 'n baie ernstige siektetoestand en deelname aan 'n SPANSPORT wat die skool/span kan benadeel as die betrokke spanlid nie daar is nie. Alhoewel die skool simpatiek probeer wees. Vervoerprobleme en "ander planne vir die naweek" is NIE geldige verskonings nie. As 'n leerder oortree het, moet die leerder gestraf word. Indien gesinne wat daardeur benadeel sou word, alternatiewe reëlings moet tref.

1.4 Dit is ook ongelukkig so dat alle ouers en leerders nie eerlik is nie en dat dit die skool noodsaak om baie streng op te tree. Alle probleme moet betyds (dus minstens) die DONDERDAG voor die detensiedatum, skriftelik, met die GRAADHOOF of KANTOOR hanteer word.

1.5 Indien 'n leerder voel dat hy/sy onregverdig gestraf word, mag die leerder versoek om na die GRAADHOOF verwys te word voordat die detensie-briefie geteken word. Die saak sal dan in die kantoor hanteer word. 'n Onderwyser MAG NIE 'n detensie-brief terugtrek nie - wanneer dit in die sisteem is, kan dit slegs deur die kantoor teruggetrek word.

1.6 Indien 'n leerling (om watter rede ook al) nie die detensie bygewoon het nie, skuif

die detensie outomaties na die volgende detensiedatum en sal die leerder NIE weer 'n brief/kennisgewing ontvang NIE. Die detensie word op rekord gehou deur die graadhoof.

1.7 Indien die leerder nie opgedaag het nie, sal hy/sy onmiddellik 'n strafdetensie bykry soos uiteengesit in die gedragskode van die skool.

1.8 Leerders wat nie die Vrydag opgedaag het vir detensie nie, sal deur die GRAADHOOF die Maandag hanteer word, ouers sal geskakel word en die nodige strafmaatreëls sal gevolg word. Dit kom daarop neer dat so 'n leerder die volgende twee agtereenvolgende Vrydae detensie sal moet sit asook sy pouses sal verbeur.

1.9 Vir alle detensie wat oorbly met die aanvang van die eksamen/toetsreeks sal tydens die eksamen of toetstyd ingehaal word.

**2. DETENSIE PROSEDURE**

2.1 Alle name van oortreders moet Dinsdae aan die Graadhoof verskaf word deur die onderwyser, met bewyse. Geen detensie sal aan die leerder uitgeskryf word indien daar nie voldoende bewyse of huiswerk saamgestuur is nie.

2.2 Die Graadhoofde doen 'n opsomming en gee dit deur aan die kantoor.

2.3 Woensdae oggende lees die kantoor al die oortredings en briewe word aan die leerders besorg.

2.4 Die detensielyste sal deur die VRL-voogde in die detensieleêr geplaas word. Die leêr moet ten alle tye in die personeelkamer wees.

2.4.1 Akademiese Detensie - Vrydae (vanaf 14:15 tot 16:00)

2.4.2 Gedrag Detensie - Vrydae (vanaf 14:15 tot 17:00)

2.4.3 Daar sal elke week 'n Bestuurspanlid aan diens wees om die detensie te begin en te monitor.

2.5 Leerders se name moet afgemerk word en die lêer moet weer in die personeelkamer teruggesit word, sodat die Graadvoogde die daaropvolgende Maandag kan opvolg wie het detensie bygewoon al dan nie.

2.6 Akademiese Detensie - Die leerder se werk moet saam met die detensievorm vergesel word. Geen detensiebrief sal deur die Graadhoof uitgeskryf word indien daar nie huiswerk aangeheg is nie. Die leerder moet vir die volle twee ure besig gehou word. Indien die huiswerk klaar is, met die Gedragskode uitgeskryf word. Die betrokke onderwyser aan diens moet die gedragskode afrol en vir die leerders gee.

2.7 Gedrag detensie - Daar is twee opsies wat uitgevoer kan word. Die eerste opsie is om fisiese arbeid te verrig bv. klaskamers skoonmaak of banke skuur. Die tweede opsie is dat die leerder die gedragskode sal uitskryf.

2.8 Alle selfone moet deur leerders aan die betrokke onderwyser wat aan diens is, oorhandig word en na detensie terugbesorg word.

2.9 Geen leerder mag musiek luister nie.

2.10 Leerders mag ook nie vroeg huis toe gestuur word nie.

# BYLAE A - KATEGORIE 1 OORTREDINGS

| | OORTREDING | | OUERS JA/NEE | DISSIPLINERE AKSIE (VOORWAARDE) |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Propagering of beoefening van Satanisme of okkultiese bydrywighede | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Finale waarskuwing<br>(Berading)<br>Permanente uitsluiting |
| 2. | Seksuele wangedrag.<br>(betasting, teistering) | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Finale waarskuwing<br>(Berading)<br>Permanente uitsluiting<br>(Polisie waar nodig) |
| 3. | Die gebruik/besit van dwelmiddels of onder die invloed van of in besit van alkohol. | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Berading<br>Permante uitsluiting |
| 4. | Besit van vuurwapens of ander gevaarlike wapens (bv. messe, skerp voorwerpe) | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>(Polisie waar nodig)<br>Permanente uitsluiting |
| 5. | Kriminele oortredings:<br>Diefstal of in besit van gesteelde goedere, aanranding, onsedelikheid | X1<br>X2<br>X3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>(Finansiële implikasie)<br>Detensie (2)<br>(Finansiële implikasie0<br>Permanente uitsluiting |
| 6. | Vandalisme/saakbeskadiging | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>(Finansiële implikasie)<br>Permanente uitsluiting |
| 7. | Besit en verspreiding van pornografiese materiaal | X1<br>X2<br>X3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>Berading<br>Permanente uitsluiting |
| 8. | Oneerlikheid: afskryf in toetse/eksamen | X1<br>X2<br>X3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Kry 0 in toets en eksamen<br>Kry 0 in toets<br>Kry 0 in eksamen<br>Uitsluiting 1 week<br>Permanente uitsluiting |
| 9. | Bedrog (vervalste briewe / dokumente /verslae / telefoonoproepe / handtekeninge / vals inligting) | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>Opskorting van eksamen voorregte |
| 10. | Rook op skoolterrein of elders in skooldrag of in besit van sigarette op skoolterrein of enige skoolaktiwiteite of in teenwoordigheid van oortreder/s | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>Detensie (2)<br>Opskorting van eksamen voorregte |
| 11. | Afwesig sonder skriftelike kennisgewing / toestemming van klas / periode / skool en verlaat skool / klas / periode sonder magtiging (stokkiesdraai) | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>Detensie (2)<br>Opskorting van eksamen voorregte |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 12. | Vloek, beledigende of vernederende aanmerkings of tekens teenoor enigeen | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>Detensie (3)<br>Opskorting van eksamenvoorregte |
| 13. | Klasontwrigting | X 1<br>X 2<br>X 3<br>X 4 | Ja<br>Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (1-2)<br>Detensie (2)<br>Opskorting van eksamenvoorregte<br>Tugverhoor |
| 14. | Negering van skool se dissiplinêre stappe (detensie) | X 1<br>X 2 | <br>Ja | Detensie (2)<br>Opskorting van eksamenvoorregte |
| 15. | Geweld (baklei, dreig, intimidasie, alkohol, klipgooiery, viktimisasie, doelbewuste besering veroorsaak | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (2)<br>Berading<br>Uitsluiting drie dae tot permanente uitsluiting |
| 16. | Oneerbiedige gedrag (aantasting van menswaardigheid, rasaanmerkings, spot, ongeskik teenoor personeel / werkers / verbale aggressie) | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br>Ja<br>Ja | Detensie (1)<br>Detensie (2)<br>Opskorting van eksamen voordele |

## BYLAE A - KATEGORIE 2 OORTREDINGS

| OORTREDING | | | OUERS JA/NEE | DISSIPLINERE AKSIE (VOORWAARDE) |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Optrede of gedrag wat 'n verleentheid vir of dislojaal teenoor die skool (bv. amok by laerskole), oneerlikheid | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 2. | Krap/merke op banke, mure, teëls, vensters, deure, muurversierings, graffiti, pornografiese/ onsedelike sketse / briewe / tekens /prente en verniel van skoolboeke en tasse | X 1<br><br>X 2 | Ja<br><br>Ja | Detensie (1)<br>(Herstel skade / vervang)<br>Detensie (2)<br>(Herstel van skade / vervang) |
| 3. | Wegsteek van: boeke, tasse, klere en ander eiendom | X 1<br>X 2 | <br>Ja | Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 4. | Afwesig sonder verlof of kennis: sport / kultuur-byeenkoms | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br>Ja<br>Ja | Detensie (1)<br>Geen deelname<br>(een byeenkoms)<br>Uit span of kultuurbedrywighede |
| 5. | Liefkosing / omhelsing / hande vashou in skooldrag | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br>Ja<br>Ja | Waarsku<br>Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 6. | Speel met brandslange / gooi van waterbomme | X 1<br><br>X 2 | Ja<br><br>Ja | Detensie (1)<br>(Herstel skade)<br>Detensie (2) |
| 7. | Betree verbode terrein, skooltyd / sakkies / ander byeenkomste / funksies of sonder toesig / toestemming in klaskamers: pouse, voor skool, tydens saalopening en na skool | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br><br>Ja | Detensie (1)<br>Detensie (2)<br>Geen bywoning van na-uurse aktiwiteite |
| 8. | Huiswerkversuim | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br><br>Ja | Aanteken<br>Aanteken<br>Detensie (1) |
| 9. | Boek(e) vergeet / skeurstrokie(s) / koevert vergeet / toetse nie laat teken nie | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br><br>Ja | Aanteken<br>Aanteken<br>Detensie (1) |
| 10. | Laat vir skool / klas | X 1<br>X 2<br>X 3 | | Waarsku<br>Waarsku<br>Detensie (2) |
| 11. | Kougom kou, spoeg, eet of drink in klasse of gedurende klaswisselings / saalopening | X 1<br>X 2<br>X 3 | | Waarsku<br>Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 12. | Rommelstrooiing | X 1<br>X 2<br>X 3 | | Waarsku<br>Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 13. | Netheidskontrole | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br><br>Ja | Waarsku (Opruim)<br>Detensie (1) (Opruim)<br>Detensie (2) (Opruim) |
| 14. | Negatiewe houding | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br>Ja<br>Ja | Waarsku<br>Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 15. | Wangedrag tydens saalbyeenkomste en -openinge | X 1<br><br>X 2<br>X 3 | <br><br>Ja<br>Ja | Waarsku (Rapporteer by VRL-voogde)<br>Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 16. | Huiswerk afskryf (Die een wat afskryf sowel as die een by wie afgeskryf is, indien met sy/haar medewete / oneerlikheid oor goed wat weg is of by die skool moet wees. | X 1<br>X 2 | Ja<br>Ja | Detensie (1)<br>Detensie (2) |
| 17. | Versuim om detensievorm af te haal sodra naam uitgelees is of in te handig (geteken) by detensieklas | X 1<br>X 2<br>X 3 | Ja<br>Ja | Detensie (1)<br>Detensie (2)<br>Opskorting van eksamenvoorregte |
| 18. | Versuim om bewys van afwesigheid te toon | X 1<br>X 2<br>X 3 | <br><br>Ja | Waarsku<br>Detensie (1) (na 2 dae)<br>Detensie (2) |
| 19. | Selfoon aanskakel in klas, saalperiodes, tydens klaswisseling ens. | X 1<br><br>X 2<br>X 3 | Ja<br><br>Ja<br>Ja | Waarsku<br><br>Kwartaal<br>2 Kwartale |

# Goutie-Lied

Vir die Gouties,
Vir die trui.
Sal ons weer, ons alles gee
vir ‘n liefde wat vervulling gee.

Wees verseker ons is reg.
Ons gaan soos ‘n Goutie veg.
Met al ons kragte saamgespan
gevorm soos een man.

Goudveld! Ons staan vir jou,
voor die poorte van oorwinning,
ons speel ons harte uit, vir die Gouties
en ons bly saam staan vir die skool
en ons naam.

Met die gees van moed,
sal ons triomfeer

***André Louw***

# Skoollied

Op die sportveld en op skool
sal ons handhaaf, werk en bou.
Edel is ons skool se naam en vuur
ons aan tot roem en faam.
Seuns en dogters klein en groot
dra elkeen 'n boodskap voort.
Laat ons so ons lof betuig met
harte wat vol vreugde juig.

**KOOR**:

Kom laat ons saambou aan ons vaderland
met ons hoof en hart en hand;
Kom laat ons same altyd hooghou
Goudveld skool ons bly getrou
aan ons leuse
STREEF, WERK, OORWIN

***Toonsetting: Dirkie de Villiers***
***Woorde: J.E.P Johl***




FLAMINGO PRINTERS WELKOM